

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Kock (CA&R 90/04) [2004] ZANCHC 108 (30 August 2004)

[2004] ZANCHC 108**COURT**

Northern Cape High Court, Kimberley

BEFORE

C C Williams, S A Majiedt

CASE / FILE NUMBER

CA&R 90/04

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(NOORD-KAAPSE AFDELING)

KIMBERLEY

SAAK NO.: CA&R 90/04

DATUM: 30-08-2004

In die Appèl van:

HANS KOCKAPPELLANT

teen

DIE STAATRESPONDENT

CORAM: MAJIEDT R et WILLIAMS R :

KONSEP-UITSPRAAK

WILLIAMS R:

Die Appellant is op 14 November 2001 in die Landdroshof te Barkly-Wes skuldig bevind op een aanklag van strafbare manslag en twee aanklagte van aanranding met die opset om ernstig te beseer nadat hy skuldig gepleit het daarop. Hy is gevonnissen tot drie jaar gevangenisstraf op die aanklag van strafbare manslag en twee jaar gevangenisstraf op elk van die ander aanklagte.

Die Appellant kom nou in hoër beroep teen die skuldigbevindings op al drie die aanklagte sowel as teen die vonnisse hom opgelê.

Voor ons dien hier ook 'n aansoek van kondonاسie vir die laat liاسering van die Appellant se Kennisgewing van Appèl.

Dit is geykte reg dat kondonاسie slegs toegestaan sal word indien daar 'n redelike vooruitsig van sukses op appèl is en die Appellant voldoende redes aanvoer vir die versuim verskaf.

Die Appellant het in 'n beëdigde verklaring tot die aansoek die redes vir die versuim om die Kennisgewing van Appèl betyds te liaseer uiteengesit en is ek tevrede dat die versuim te wyte is aan aanvanklike gebrek aan fondse - - -

Die enigste grond waarop die Appellant sy skuldigbevindings aanval is dat die verhoorhof nie die bepalings van artikel 112(2) van Wet 51 van 1997 nagekom het nie deur "sonder dat daar enige feitebasis voor die Hof geplaas was te bevind dat hy oortuig is dat die Appellant skuldig is aan die misdrywe waraan hy skuldig gepleit het."

Die Appellant wat regsverteenvoordig was het 'n skriftelike pleit in terme van artikel 112(2) aan die verhoorhof voorgelê.

Hiervolgens pleit hy ten opsigte van die aanklag van strafbare manslag as volg:

"On or about the 29th day of January 2000, and at or near 3471 Spitskop Road at De Beers Hoogte in die district of Barkly-West I wrongfully and unlawfully assaulted Maria Madela by kicking her three times on the stomach and trampling upon her.

As a result of the kicking, Maria Madela thereby sustained a mortal injury which mortal injury thereby caused the death of the said Maria Mdela and as a result she died on the 15th day of February 2000.

I admit that I had the intention to assault Maria Madela and to cause a mortal injury to her body."

Ten opsigte van die tweede aanklag word die volgende gepleit.

"On or about the 26th day of August 2000, and at or near Bojelo Tavern in the district of Barkly-West, I wrongfully and unlawfully assaulted Freddie Olebogeng

Koopman by stabbing him with bottle.

As a result of the stab, Freddie Olebogeng Koopman sustained injuries which I did with intent to cause him grievous bodily harm.

I admit that I had the intention to stab Freddie Olebogeng Koopman with a bottle and thereby to cause him grievous bodily harm."

Die pleit ten opsigte van die derde aanklag volg presies dieselfde bewoording van die pleit ten opsigte van die tweede aanklag met slegs gepaste verskille ten opsigte van slagoffer, datum en wapen.

Die artikel 112(2) verklaring is inderdaad slegs 'n herhaling van die klagstaat sonder dat enige dringende feite daarin bevat word.

Artikel 112(2) van Wet 51 van 1977 bepaal as volg:

“Indien ‘n beskuldigde of sy regsadviseur ‘n skriftelike verklaring deur die beskuldigde by die hof inhandig waarind ie beskuldigde die feite uiteensit wat hy erekn en waarop hy skuldig gepleit het, kan die hof, in plaas van ‘n ondervraging ooreenkomstig subartikel (1)(b), die beskuldigde op grond van bedoelde verklaring skuldig bevind en vonnis soos in genoemde subartikel bepaal indien hy oortuig is dat die beskuldigde skuldig is aan die misdryf waaraan hy skuldig gepleit het: Met dien verstande dat die hof na goeddunke enige vraag aan die beskuldigde kan stel ten einde ‘n aangeleentheid op te helder wat in die verklaring geopper is.”

Dit blyk duidelik vanuit artikel 112(2) dat die blote erkenning of herhaling van die bewerings in die klagstaat nie voldoende is nie en dat die verhoorhof homself moet oortuig dat die betrokke beskuldigde inderdaad skuldig is aan die misdryf waarop skuldig gepleit is. Sien S v B 1991(1) SASV 405(N).

Geen vrae ter opheldering is deur die verhoorhof aan die Appellant gestel nie en is hy op sterkte van die verklaring skuldig bevind, selfs waar die Appellant se skriftelike pleit op die aanklag van strafbare manslag eintlik op moord neerkom.

Na my mening kan die verhoorhof hom in hierdie omstandighede nie vergewis of die Appellant inderdaad skuldig is aan die misdrywe waarop hy skuldig gepleit het nie, en is die skuldigbevindings gebaseer op hierdie verklaring alleen ongeoorloof.

Dieselfde geld ten opsigte van die vonnisse opgelê. Alhoewel die Appellant se persoonlike omstandighede voorgelê is aan die verhoorhof en die twee klaers in aanklagte 2 en 3 getuig het oor hul beserings is daar geen getuienis voor die hof geplaas oor die omstandighede waarin die misdrywe plaasgevind het nie. Die verhoorhof het ook geen moeite gedoen om self hierdie inligting te bekom nie. Daar kan dus geen sprake daarvan wees dat die Appellant behoorlik gevonnissen is op die ware feite van die saak nie. Sein S v Mokoena 1982(3) SA 967 – te bl 968.

In die omstandighede is ek van mening dat die Appellant se aansoek om kondonاسie vir die laat liassering van sy Kennisgewing van Appèl toegestaan moet word en dat die skuldigbevindings en vonnisse ten opsigte van al drie aanklagte tersyde gestel moet word en dat die saak terugverwys moet word na die Landdroshof vir herverhoor.

Ek sou dus die volgende bevel maak:

- a) Aansoek om kondonاسie vir die laat liassering van die Appellant se Kennisgewing van Appèl word toegestaan.
- b) Die skuldigbevindings en vonnisse ten opsigte van al drie aanklagte word tersyde gestel.
- c) Die saak word terugverwys na die Landdroshof te Barkly-Wes vir herverhoor.

C C WILLIAMS

REGTER

Ek stem saam

S A MAJIEDT

Nms. Appellant: Adv. F Van Heerden

Nms. Respondent: Adv. R Calitz

Datum aangehoor: 11 Augustus 2003

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZANCHC/2004/108.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-kock-unknown-topic-anchc-2004>

Prepared on 9 October 2026 · Esheria